

Dit het tyd geword vir korporasies in Afrika, vir Afrika

*Die private korporasie in Afrika, vir Afrika moet nog uitgevind word. Afrikadag moet ons aan die belangrikheid van hierdie taak herinner, skryf prof Brian Ganson.**

Afrikadag (25 Mei) het sy oorsprong in Afrika-vryheidsdag gehad wat in 1958 deur die Eerste Kongres van Onafhanklike Afrikastate verklaar is “as simbool van die vasberadenheid van die mense van Afrika om hulself van vreemde oorheersing en uitbuiting te bevry”. Ons geskiedenis van gekorporatiseerde slawerny deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, gekorporatiseerde imperialisme deur die Britse Suid-Afrikaanse Maatskappy, die simbiotiese verhouding van sakeondernemings in die Apartheidstaat en die verstrikking van buitelandse maatskappye in staatskaping maak ons akuit bewus daarvan dat die gesig van hierdie uitbuiting maar al te dikwels ’n private korporasie was.

Die Afrika-uitdaging ten opsigte van buitelandse belegging en korporatiewe bedryfsaktiwiteite in Afrika is steeds sistemies. Handelspatrone en belegging bly grootliks ekstraktief, met die vasteland se grootste beleggings wat van die veronderstelling van ekspatriasie van korporatiewe winste uitgaan asook van Afrika se minerale- of landbouhulpbronne sodat dit elders in waardevolle produkte omskep kan word. Verder is die vasteland vervuil met broosheidsentrepreneurs wie se sakemodel juis op die veronderstelling van korrupte toegang tot hulpbronne, swak toepassing van omgewingswetgewing en die ontkenning van arbeids-, gemeenskaps- en inheemse regte gebou is. Enige ontwikkelingsinvloed danksy die teenwoordigheid van hierdie korporatiewe aktiwiteite is bloot toevallig; en hopeloos te dikwels is daar ’n netto negatiewe impak op menslike sekerheid.

Die myne in Bojanala in die hartjie van Suid-Afrika se platinumgordel ontgin byvoorbeeld 50% van die wêreld se platinumproduksie. Tog is die werkloosheidsyfer in Bojanala 48,7% en is die Gini-koëffisiënt ,62; minder as 20% van die gebied se huise beskik oor lopende water en minder as ’n derde van die volwassenes het hul hoërskoolopleiding voltooi.

Ten slotte ...

Ons moenie so naïef wees as om aan te neem dat die korporasies wat tans op die vasteland van Afrika oorheers, inskiklik gaan wees vir hierdie agenda nie. Hulle het juis oor dekades of selfs eeue heen hulself aangepas om optimaal winsgewend te wees onder die status quo.

Ons moet egter onthou dat korporasies nie ’n natuurkrag is nie, maar eerder skepsels van wetgewing en beleid. ’n Kombinasie van slim regulering, vertroeteling van die ontluiking van nuwe spelers in die privatesektorgemeenskap, alliansies met vooruitdenkende ontwikkelingsbanke en internasionale vennote en skakeling met gemeenskappe en die burgerlike samelewing kan verandering teweegbring. Dit kan korporasies in Afrika, vir Afrika “’n konkrete manifestasie van die pan-Afrikaanse beweging vir eenheid, selfbeskikking, vryheid, vooruitgang en kollektiewe welvaart maak” soos waarna daar in die Afrika-unie se Agenda 2063 gestrewe word.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Professor Brian Ganson is hoof van die Afrika-Sentrum vir Dispuutbeslegting by die Stellenbosch Bestuurskool.**